RiG Adviesdienste I info@rig.ac I 086 1221 777

Markte op Maandeinde

Markte en ekonomiese aanwysers

Indeks	1 Maand (% verander)	Jaar tot datum (% verander)	1 jaar (% verander)	3 jaar (% per jaar verander)
JSE Top40	3.5	9.9	15.2	20.4
JSE Mid cap	3.9	2.9	0.3	18.2
JSE Small cap	2.0	2.8	4.0	33.7
All Share Indeks (ALSI)	3.4	8.7	12.6	20.2
All Bond Indeks (ALBI)	-1.2	2.2	6.4	9.8
Hulpbron Indeks	4.2	-0.4	-5.4	22.3
Industriële Indeks	3.2	18.2	35.0	16.4
Finansiële Indeks	3.3	3.8	1.7	20.0
Gelyste Eiendom Indeks	5.4	0.0	3.3	17.6
MSCI Wêreld Indeks*	1.8	9.8	3.7	13.6
S&P 500*	1.6	9.2	2.7	14.5
Dow Jones*	2.6	3.5	5.7	14.2
FTSE 100*	5.1	11.9	8.3	13.9
Hang Seng Indeks*	-2.4	0.4	-2.4	-4.3
Nikkei 225 Indeks*	0.6	8.2	4.6	5.9

(Bron: Fundhouse) *Opbrengs uitgedruk in USD terme

Geldeenheid (Positief = Rand versterk)	1 Maand (% verander)	Jaar tot datum (% verander)	1 jaar (% verander)	3 jaar (% per jaar verander)
Rand/Dollar	-3.1	-7.5	-15.6	0.1
Rand/Euro	-4.7	-11.2	-21.0	-0.1
Rand/GBP Pond	-4.8	-12.3	-15.7	0.3

(Bron: Fundhouse)

Rentekoerse	
Repokoers	7.75%
Primakoers	11.25%

(Bron: SARB)

Inflasiekoers (April 2023)	
Hooflyn inflasie (VPI)	7.1%
Produsenteprysindeks (PPI)	12.2%

(Bron: SARB)

April oorsig

Ten spyte van voortgesette tekens van binnelandse ekonomiese druk, het die plaaslike mark 'n positiewe April gehad met die alle-aandelesektor wat meer as 3% gestyg het. Voortslepende beurtkrag was die grootste dryfveer dat ekonome hul 2023-verwagtinge vir groei in SA afwaarts aanpas.

Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens het vir die eerste keer in die 2023-boekjaar rekord belastinginkomste-invordering van meer as R2 triljoen aangemeld. Suid-Afrikaners voel steeds die druk van die laaste nege rentekoersverhogings en betaal 35% meer op hul huislenings vergeleke met vroeg in 2021 toe die verhogingsiklus begin het.

Die rand bly onder druk vanweë wisselvallige globale risiko-sentiment. Binnelandse faktore soos die kragtekorte en politieke onrus voor die verkiesing volgende jaar sal ook negatief op die plaaslike geldeenheid bly weeg.

Wêreldmarkte was in April meer genadig teenoor beleggers. Na die bankmislukkings in Maart het die verdere verspreiding van risiko's meestal deur die loop van April verminder, aangesien algehele spanning in die sektor en wanbetalings afgeneem het.

Amerikaanse BBP-data vir die eerste kwartaal van 2023 was swakker as verwag teen 1.1% op 'n jaargrondslag vergeleke met konsensus-voorspellings deur ekonome van 2%. Die BBP van die Eurosone het ook effens onder die konsensusverwagtinge ingekom met 1.3% groei, teenoor 1.4% wat verwag is. China se BBP, aan die ander kant, was sterker as verwag, en het met 4,5% jaar-tot-jaar gegroei.

Wat kommoditeitspryse betref het ystererts in April met 12,4% gedaal, terwyl platinum het met 8,4% gestyg en goud daarin geslaag het om 'n klein wins van 1,1% te behaal. Brent-ruolie het 'n wisselvallige maand gehad.

Die IMF het hul *World Economic Outlook* vir April vrygestel. Hul basislynvoorspelling is dat groei van 3,4% in 2022 tot 2,8% in 2023 sal daal.

Ekonomiese data dui steeds op stadiger groei en langdurige inflasie, met onsekerheid oor 'n Amerikaanse resessie, geopolitieke spanning tussen die VSA en China, en die onsekere toekoms van die Amerikaanse Fed se beleid oor rentekoerse.

Vrywaring:
Die bogenoemde inligting is slegs vir inligtingsdoeleindes, en nie advies soos gedefinieerd in die Wet op Finansiële Advies- en Tussengangersdienste, 37 van 2002, nie. Alhoewel alle maatreëls geneem is in die voorbereiding van hierdie dokument, aanvaar RiG Adviesdienste (Pty) Ltd geen verantwoordelikheid vir enige optrede wat mag voortspruit uit hierdie dokument nie. Raadpleeg ons vir persoonlike advies gepas vir jou omstandighede. RiG Adviesdienste (Pty) Ltd is 'n gemagtigde finansiëlediensteverskaffer (FSP nommer: 44730).

Wysheid vir ware welvaart | Wisdom for true wealth